

Saterdag 12 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 51

Fokusgedeelte: Psalm 51:13-15

Wat het ek gedoen? 'n Neerbuig voor God

Dit is nog so vroeg in die nuwe jaar. Ek wil nie nou van sondeskuld en struikeling hoor nie. Ek wil in die Bybel lees hoe ek nog nader aan God kan lewe.

Dan moet jy juis Psalm 51 lees. Met Dawid se berouvolle neerbuiging voor God leer hy vir ons die pad om met blydschap en vrede naby God te lewe (vs 15). Hy het so selftevrede geleef. Toe open God sy oë deur die profeet Natan en hy sien sy sondige gekonkel raak. Hy het 'n ander man se vrou gevat en haar man in lewensgevaar ingestuur. O, die verskriklike skok! Wat het ek gedoen?

In hierdie Psalm hanteer Dawid drie vrae: (1) Hoe hanteer jy jou sonde? (2) Wat is die gevolge van sonde? (3) Hoe staan jy op uit sonde?

Hoe hanteer jy jou sonde? Net soos Dawid neem jy jou toevlug na God (vs 3). Jy doen met geloofsvertroue wat aan God se troue liefde en groot barmhartigheid vasgryp. Jy erken en bely jou sondeskuld (vs 4-6) en jy doen dit alles met 'n stukkende hart vol neerbuiging en berou (vs 19).

In Psalm 51 fokus Dawid ook op die gevolge van sonde. Sonde laat jou vuil voel (vs 4, 9). Sonde laat jou in jou gedagtes en in jou menswees onrein voel. As jy sonde in jou lewe toelaat en vertroetel, dan maak dit jou mettertyd 'n donker mens wat nie meer blydschap en vrede ken nie (vs 10, 14). Die ergste is dat sonde jou verhouding met God aantast (vs 13, 14). Dit voel of daar 'n afstand tussen jou en God kom.

Die blye nuus is dat jy met jou sonde kan breek en daaruit kan opstaan. Dawid wys ook vir ons daardie pad aan. Vra God vir die krag van sy Gees vir sy vergewing in Christus (vs 12, 14, 16). Kyk weer op, staan op en begin om God te dien en van sy liefde te getuig (vs 14-17). En wees betrokke en diensbaar in die kerk en wees positief in die opbou van jou omgewing en samelewing (vs 20, 21).

Sing: Psalm 130-1:1, 2

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (Emeritus)